



# Briewe - Letters

Stuur aan: Die Nuusredakteur  
E-pos/E-mail: waldie@rustenburgherald.co.za  
Faks/Fax: 014-592 1869

## BELANGRIK

Lesers word gevra om briewe kort en saaklik te hou. Skrywes wat lasterlik is, 'n party-politieke inhoud het of by implikasie 'n advertensie vir 'n besigheid bevat, kan ongelukkig nie gehuisves word nie.

Lesers word gevra om alle briewe te onderteken (al word 'n skuilnaam gebruik) EN HUL TELEFOONNUMMERS TE VOORSIEN.  
• Die Rustenburg Herout vereenselwig hom nie noodwendig met menings wat uitgespreek word deur briefskrywers en rubriekskrywers nie.

## IMPORTANT

Please keep your letters short and to the point. Letters which contain slander, party political propaganda or advertising for business concerns cannot be accommodated.

Please sign all letters (even where a non de plume is used) and SUPPLY YOUR TELEPHONE NUMBER.

• The Rustenburg Herald does not necessarily agree with the opinion expressed in letters and columns.

# Thank you to SAPS

## The Editor:

I am so excited that the SAPS Rustenburg is still delivering positive results. My son's vehicle was stolen in October last year while he was in church attending a service by the amazing Bill Wilson from New York. The insurance refused to pay out due to a technical point. R40 000 gone!

On 6 February Hoërskool Rustenburg took their 17-year-old students to make appointments for their learner licences as we all know how much time and effort it takes just to get an appointment (I also salute the school for this effort helping the learners).

When my daughter and I walked up the steps from the parking area we saw a vehicle looking like the one that was stolen. Because it was standing with an open door right in front of the SAPS Clearance Office, we could look inside. Simultaneously we recognised

the sport steering wheel my son installed. We both stood in absolute amazement! Looking at other features we realized this is the vehicle! I parked my car right behind him and called my husband who was there in eight minutes; unfortunately with the traffic department right behind him. He got a fine!

The SAPS officer realised that something was wrong with the vehicle when the apparent owner wanted to get a SAPS Clearance. He took the keys for the inspection and told the "owner" he had to look into the matter. The "owner" left to go to the main building to sort something

out and it was in that time that my daughter and I walked up the steps. The "owner" never returned.

The number plates were changed from NW to Gauteng and the licence disc corresponded, but one of the other numbers in the engine alerted the officer at the licence office.

We want to thank SAPS Rustenburg for your help. The officer at the Licence Office, the two big guys Ben and Piet who came and took the vehicle and the friendly guy at the pound (Gert) who used his magic to retrieve the VIN number. Thank you guys!

*Juanita Steyn.*

## Standpunt

### Maak dienslewering weer baas

Uit die getal briewe wat Rustenburg Herald weekliks ontvang is daar een ding wat baie duidelik is. In hierdie stad/dorp is dienslewering 'n vloekwoord en mense raak somer vinnig rooiwarm om die boordjie as dinge nie reg loop nie. Daar is so baie wonderlike onderwerpe, temas, idees, gedagtes, voorstelle en wat nog alles waarvoor mense kan gesels en briewe kan skryf. In Rustenburg egter, is dit duidelik dat mense nie 'n uitlaatklep vir hul klagtes het nie – loshande die meeste briewe wat elke week by die kantore van Rustenburg Herald opdaag, is briewe met klagtes.

Mense is omgekrap, kwaad, ongelukkig, gefrustreerd, de jossie in, of absoluut woedend en verreweg die meeste klagtes kom daarop neer dat ons as Rustenburgers nie naastenby genoeg omgee nie. Nie by die stadsraad nie, nie by die hospitaal nie, nie by die besigheid op die hoek nie, nie eens by die klub, by die kerk of by die skool waar ons getroue lede, lidmate of leerlinge is nie.

En moenie 'n fout maak nie. Ten spyte van Rustenburg se reputasie as 'n plek waar dienslewering nie 'n groot prioriteit is nie, ontvang ons eintlik verbasend min klagtes wat op die sakektor van toepassing is. Behalwe natuurlik die motorbedryf en ja, restaurante... Daar is, was nog altyd en sal seker vir nog baie lank baie klagtes oor die motornywerheid en restaurantbedryf wees. Mense is maar baie gesteld op dit waarmee hulle ry en dit wat hulle eet of waarvoor hulle duur betaal en die meeste van ons dring aan op waarde vir geld – anders is daar pèrre!

Maar nee, Rustenburg kla nie so baie oor die sakektor nie. Mense kla omdat hulle nie met genoeg respek en waardering behandel word nie. Mense is omgekrap omdat hulle nie met die gemiddelde gehalte van dienslewering tevrede is nie. Omdat hulle behandel word of hulle eintlik in die pad is, of hulle die mense agter die toonbank se tyd mors, of die wêreld vir hulle onnodig moeilik maak.

Mense word kwaad as daar van hulle verwag word om duur te betaal vir 'n ding en dan met 'n minderwaardige diens tevrede moet wees. As ons duur vir ons motors, ons brandstof en al die ingeslote heffings en belastinge moet betaal en dan op 'n slegte Maandagoggend half laat werk toe moet ry op 'n ent pad wat so van die slaggate is dat 'n mens nie kan besluit of jy teer- of grondpad ry nie. Maar dit is 'n enkele voorbeeld.

Mense word kwaad as hulle duur vir water en ligte moet betaal en deur kragonderbrekings in die gesig gestaar word as hulle 'n dag of twee laat is, maar dan 'n rekening van 'n ander "kliënt" onder oë kry wat al met R40 000 agterstallig is en boonop steeds krag by sy/haar huis het net omdat hulle die regte velkleur het en die regte politieke party ondersteun.

Mense voel verontreg as hulle werklik vir jare eerlike, opregte en getroue betalers is en was em skielik uit 'n bloute 'n agterstallige rekening van etlike duisende kry met die instruksie - betaal óf!

Of 'n mens moet drie, vier of selfs vyf keer na dieselfde plek, dieselfde klerk skakel om 'n eenvoudige reëling getref te kry wat andersins in 'n oomblik reggestel/ingestel kan word. Die ironie is dat baie indien nie die meeste nie, van hierdie lastige sakies wat somer net lankal ter wille van trots reggestel moes wees, die ou agter die toonbank niks sou kos nie – behalwe dalk 'n vriendelike glimlag en trots om darem te kan sê: "Heng man, ek kan my werk doen – dit is waarom ek daarvoor betaal word..."

Maar in Rustenburg en tot 'n groot mate in ons land vandag, is daar 'n neigings dat ons eers vir 'n diens moet betaal en eers daarna wil die klerk, beampete, amptenaar, offisier of wat ook al op sy/haar tyd besluit of dit die moeite werd is om die diens te lewer, of dalk kan ons iemand anders kry wat met die klomp twak opgeskeep wil sit, of dalk die moeite sal doen om die ou hier voor die toonbank vinnig, doeltreffend en tot sy tevredeheid te help.

Nee wat, dit is ongelukkig nie goed genoeg nie. Rustenburg sal hierdie kultuur van gebrekkige dienslewering onmiddellik moet net omdraai. Dit kan slegs tot ons almal se voordeel wees as ons almal die moue oprol en doen wat daar te doen is. Ons is dit aan onself en mekaar verskuldig. (Standpunt deur Waldie Volschenk, Coetzerstraat 13, Rustenburg).

## Sulke treurigheid

### Die redakteur,

Ek is al 31 jaar woonagtig in Rustenburg en nog nooit in my lewe het ek sulke treurigheid beleef nie.

Dan is die krag af, dan is dit die water. Mens betaal jou dood aan belasting en elektrisiteitsrekening, maar jy kry nooit diens nie. My krag is meer af as aan en ek het al hoeveel skade gely as gevolg van die elektrisiteit wat somer sonder enige kennisgewing afgesit word vir een of ander rede.

Dan is daar die kwessie van die paaie wat in 'n haglike kondisie is. Wie gaan die skade aan my kar betaal wat ek opgedoen het as gevolg van al die slaggate? In Joubertstraat

is daar tot 4 slaggate in een blok.

Laastens wil ek net weet, ek het geen probleem met 'n spoedhobbel in die pad nie - maar is dit nodig om 'n berg te bou??? Almal se motors is nie so hoog soos ossewaens nie! Elke oggend moet ek verby Laerskool Vastrap in Uniestraat, die hobbel wat daar geleë is, is so hoog dat elke tweede kar sukkel om daar oor te beweeg. Nee wat regtig, genoeg is genoeg - ek betaal vir diens en ek verwag diens terug!

Ek glo daar is meer mense wat so voel oor die saak as net ek, en ek hoop van harte daar sal iets aan die situasie gedoen word.

Met Dank  
*Drienie Kelly.*

## Verrassing van hul lewe

### Die redakteur,

Die matrikulante van 2011 by 'n hoërskool in Rustenburg wat kunsvakke geneem het, het 'n verrassing van hulle lewe gekry toe hulle, hulle kunsprojekte moes gaan afhaal.

Die reëling was om dit te kom afhaal wanneer hulle, hulle matrieksertifikate moes gaan kry. Die sleutel van die klaskamer was nie beskikbaar nie en daar is toe gesê om dit op die eerste skooldag te kom kry. Die oggend was daar vergaderings en ek kon nie die goed kry nie en die skoliere is nog ingedeel. Ek moes 08:30 begin werk en kon nie langer wag nie.

In my etenstyd is ek terug tussen 13:00 en 14:00 en het 'n skok van my lewe gekry. Al die kunsgoed is in 'n klein stoorkamertjie gegooi, volgens die skool netjies ingepak, maar alles behalwe. Hulle verweer was van die kinders het hulle goed kom haal en deurmekaar gekrap.

Al die matrikulante se jaar se harde werk is beskadig en gebreek. Toe hulle, hulle goed ingehandig het, was dit netjies want hulle jaarpunte het daarvan afgehang en die ouers het baie geld spandeer om

kunsgoed aan te koop en daar is baie ouers wat hulle sente moet omdraai. Ryk of arm, geld groei op niemand se rug nie. Geld kan weer voor gewerk word, maar beskadigde harde werk kan nie weer vervang word nie, so ook nie die tyd wat aan alles spandeer is nie.

Die teleurstelling en seer in my kind se oë was erg. Daar word van 'n kind verwag om respek te hê. Durf hulle, hulle mening gee, is hulle ongeskik en het nie maniere nie. So dus moet hulle dit maar net aanvaar.

Elke maand moet daar getrou skoolfonds betaal word, durf jy een maand nie betaal nie. Skoolfonds wat agter was se ouers is oorhandig, maar nou wil ek weet gaan die skool die kinders se harde werk vervang soos hulle dit ingegee het. Nee, hulle trek net hulle skouers op en gee nie om nie.

As dit hulle kinders was, sou hulle dit aanvaar het en gelukkig gewees het? Beslis nie. Hulle kinders se goed sou eerste uitgehaal gewees het want hulle het mos toegang tot die klaskamers.

Ek i maar een van vele ontstelde ouers en ek wens al die ouers wil hulle mening lug.

*Ontstelde ouer.*

## Identiteitsboekie gevind

RUSTENBURG – 'n Pennesakkie met die identiteitsboekie van mnr Solly Malope, ID-nummer 690828 5629 083 is by die kantore van

die Rustenburg Herald ingehandig. Die eienaar kan gerus hul besittings by die Redaksie-kantoor van die Rustenburg Herald kom afhaal.

## ID gevind

RUSTENBURG – Die identiteitsdokument van Linda Tshotshobela (IDno 831210 6393 086) is in Boshok opgetel en by

die Rustenburg Herald ingehandig. Die dokument kan by ons redaksiekantoor in Coetzerstraat 13 afgehaal word.